Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

BELANGRIKE KENNISGEWING

OPROEP OM OPENBARE KOMMENTAAR WES-KAAPSE GEÏNTEGREERDE KONSEPAFVALBESTUURSPLAN (2022 – 2027)

Ingevolge artikel 11(1) van die "National Environmental Management: Waste Act, 2008" (Wet 59 van 2008) (die Wet), moet die provinsiale departemente wat verantwoordelik is vir afvalbestuur, geïntegreerde afvalbestuursplanne opstel. Die publiek word ingevolge artikel 73, saamgelees met artikel 11(7), van die Wet genooi om skriftelike vertoë oor of besware teen die Wes-Kaapse Geïntegreerde Konsepafvalbestuursplan (2022 – 2027) (die Konsepplan) in te dien.

Die Konsepplan is beskikbaar by—
(a) die kantore van die munisipale bestuurder van die plaaslike owerheid; en
(b) https://www.westerncape.gov.za/eadp/about-us/meet-chief-directorates/environmental-quality/waste-management/.

Andersins is besonderhede elektronies beskikbaar op versoek per e-pos aan: August.Hoon@westerncape.gov.za of Dean.Gilbert@westerncape.gov.za.

Vir navrae, kontak:
Mnr August Hoon by tel: 083 566 2762, of per e-pos by: August.Hoon@westerncape.gov.za; of
Mnr Dean Gilbert by tel: 073 829 0429, of per e-pos by: Dean.Gilbert@westerncape.gov.za.

Skriftelike vertoë of besware oor die Konsepplan moet binne 30 dae van die datum van publikasie van die Kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* ingedien word deur—
(a) die vertoë of besware te pos aan:
Die Departementshoof
Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
Aandag: Mnr Saliem Haider
Privaat Sak X9086
Kaapstad 8000;
(b) die vertoë of besware af te lewer by:
Mnr Saliem Haider
Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
Eiendomsentrum
Dorpstraat 1
Kaapstad 8001; of
(c) die vertoë of besware te e-pos na:
Saliem.Haider@westerncape.gov.za.

Vertoë of besware wat ná die sluitingsdatum ontvang word, sal moontlik nie oorweeg word nie.